

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 17 DESEMBER 2019 OM 10:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

1. OPENING EN VERWELKOMING

1.1 Gebed

Die algemene jaarvergadering van die Midbrak Belastingbetalersvereniging (MBBBV) word geopen met gebed deur Greg Mitchell

1.2 Verwelkoming en Verskonings

Die Voorsitter, George Nezar, verwelkom almal teenwoordig met 'n spesiale woord van verwelkoming aan die Munisipale Bestuurder, Adv Thys Gillomee; Direkteur: Gemeenskapsontwikkeling, Me Elize Nel; Raadslede Anton Dellelijn en Me Annatjie Janse van Rensburg; Robin Fick, Bewarea; Morné Meiring, Mosselbaai Munisipaliteit, Elektrisiteit.

Verskoning ontvang van MBBBV komitee is:

- Sollie Grobler
- Me Ann Pretorius
- Charl Coetzer
- Frik Nel
- André Smit

Die vergadering is deur 48 eiendom eienaars bygewoon.

1.3 DANKIE VIR DIT WAT ONS HET!!!

Die vergadering word bygewoon deur twee persone wat tans eiendom in die gebied besit maar nie permanent hier woon nie. Die Voorsitter verwys na die feit dat permanente inwoners baie gelukkig is om hier te kan woon.

2. VOORLEGGING EN GOEDKEURING VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 18 DESEMBER 2019

Die notule van die vorige vergadering word aan die vergadering voorgelees. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Le Roux en Jacques Radley.

3. VOORSITTERSVERSLAE 2019

3.1 Belastingbetalersvereniging

Die Voorsitter lees die voorsittersverslag aan die vergadering voor.

3.2 Finansiële verslag – 2019

Die Voorsitter lees die finansiële verslag aan die vergadering voor.

Inwoners word bedank vir hulle vrywillige donasies en daar word beklemtoon dat die Vereniging staatmaak op donasies aangesien dit hulle enigste bron van inkomste is.

By hierdie vergadering word twee kollektiebussies omgestuur in teenstelling met die ontvangs van kontantbydraes, voor die vergadering, by die deur en met die uitreik van kwitansies.

By hierdie geleentheid was die totale bedrag van R XXX ingesamel.

3.3 Goedkeuring van verslae

Die vergadering keur die voorsitter- en finansiële verslae goed.

Voorgestel en gesekondeer deur Nico Barnard en Jacques Radley respektiewelik.

4.0. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

9.0 Agenteborde – Publieke deelname

Prosesse is afgehandel en dokumentasie gereed om in 2020 Gazette te word.

9.0 Brandpad Erf 928

Dankie aan Direkteur: Gemeenskapsontwikkeling, Me Elize Nel, vir haar insette om die brandpad daar te stel. Die werk is voltooi.

Mnr Deon Potgieter spreek ook sy dank uit vir die brandpad.

9.0 Herbou van R102 en DR 1578

Al die paaie sal oop wees tydens die vakansieseisoen. Na die einde van die bouersvakansie in Januarie 2020, sal daar weer op sekere paaie stop-en-ry ingestel word.

Daar word verwag dat al die kontrak teen April 2020 voltooi sal wees.

5.0 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

5.1 Powertown

Erwe en huise gaan beskikbaar word in Sonskynvallei vir toekenning aan inwoners van Powertown i.e. indien hulle aan die toekenningskriteria voldoen. Inwoners moet hulle name op 'n lys kry. Indien inwoners nie van die geleentheid gebruik maak nie sal daar nie weer sodanige kans vir deelname wees nie. Die inwoners van Powertown moet dienoreenkomstig ingelig word.

Munisipale Bestuurder noem ook dat 'n vergadering met die inwoners gehou is om hulle te verwitting dat munisipale dienste (riool) nie aan hulle verskaf kan word nie omrede die gebied onder die vloedlyn geleë is.

5.2 Kragonderbrekings

Mnr Morné Olivier, Afdeling Elektrisiteit, Munisipaliteit Mosselbaai, verduidelik aan die vergadering dat die rede/s vir die kragonderbrekings in die Midbrakgebied, wat buite of eerder net na die Escom beurtkrag plaasgevind het, te wyte was aan oorladings en omskakelings op sekere punte in die netwerk. Regstellings is gedoen en soortgelyke gebeurlikhede behoort minimaal voor te kom.

Verder, opgradering van kragtoevoerlyne vorder goed. Fase II behoort teen April 2020 voltooi te wees teen n beraamde bedrag van R10 miljoen. Vir Fase III is die kontrakteur

aangestel teen n beraamde bedrag van R15 miljoen. Daardie werk behoort teen Augustus 2020 voltooi te wees. Vanaf April 2020 sal daar omskakelings plaasvind wat veral in die landelike gebiede kragonderbrekings sal meebring.

Sekere bestaande onooglike oorhoofse lyne word ook nou ondergronds geplaas teen n koste van ongeveer R1,5 miljoen.

5.3 Erf 1040 – Selfoontoring (Ook Erf 1346 openbare vergadering)

Die Voorsitter begin die bespreking met die stelling dat dit wil voorkom asof inwoners onder die indruk verkeer dat die MBBBV nie na hul belange omsien nie. Verder haal hy gedeeltes aan van die epos wat Mnr Potgieter aan hom gestuur het. Dit is met betrekking tot sy besware teen die oprigting van die selfoontoring op Erf 1040. Hy vra Mnr Potgieter om te verduidelik wat hulle probleem is met die oprigting van die selfoontoring.

Mnr Potgieter noem dat die MBBBV sonder die medewete van die belastingbetalers goedkeuring verleen het aan die oprigting van die toring en sodoende nie hulle regte beskerm het nie. Die Voorsitter dui telkemale daarop dat die MBBBV nie namens die belastingbetalers enige skemas of projekte mag goedkeur nie. Enige sodanige projekte word wel ondersteun of nie deur die MBBBV indien dit tot voordeel of nadeel van van n Area of inwoners mag wees. Laasgenoemde moet hul eie insette lewer as deel van die publieke deelname proses. In hierdie spesifieke geval was slegs aangedui dat die MBBBV geen beswaar gehad het teen die oprigting nie omrede die Fraaiuitsig gebied n groot behoefte gehad het agv swak selfoon dekking.

Daar was ook deur 'n lid van die publiek aangedui dat daar met lyste in die strate beweeg was om handtekeninge te kry wat die oprigting van die toring teenstaan. Die lyste is per epos gestuur aan die Voorsitter en die betrokke raadslid.

Rdsl Anton Dellelijn onderneem om in gesprek te tree met die Garden Route Distrik Munisipaliteit in 'n poging om die aangeleentheid te beredder. Daar sal ook verder gereël word dat Mnr Potgieter by die vergadering betrokke sal wees soos en wanneer dit plaasvind. Sodra uitsluitel verkry is van hierdie vergadering/s, sal die MBBBV 'n besluit neem vir die nodigheid van enige verdere optrede al dan nie.

6.0 AANVULLENDE SAKELYS

6.1 Kennisname van vergadering

Bewarea se finale vergadering vir die jaar vind plaas op 18 Desember om 19h00 in die Reebok Gemeenskapsaal.

6.2 Ontwikkeling tussen R102 en N2

Gerugte doen die rondte dat laekoste behuising in hierdie gebied opgerig gaan word. Dit is nie waar nie. Die MBBBV het wel kommentaar gelewer op die ontwikkeling o.a dat die munisipaliteit moet waak teen bykomende of dan nuwe ontwikkelings wat druk op die bestaande munisipale dienste, byvoorbeeld watervoorsiening, kan plaas.

6.3 **Belastingverligting vir pensioenarisse**

Die Voorsitter noem dat belastingverligting aan pensioenarisse voorsien kan word. Die kriteria wat gebruik word om te bepaal wie kwalifiseer vir sodanige belastingverligting asook die aansoekvorms is by hom beskikbaar.

6.4 **Me Lulu Van Der Bank vra hoekom is sekere gebiede van Mosselbaai nie aan beurtkrag onderworpe nie** – Hierdie situasie bestaan omrede die toevoer na PetroSA, wat 'n nasionale sleutelpunt is, nie onderbreek mag word nie. Die gebiede waarna verwys word is aan hierdie betrokke kragtoevoerlyn gekoppel en word die krag dus nie daar onderbreek nie.

6.5 **Johan Van Sittert noem dat Mosselbaai en ander klein dorpies vroeër hulle eie krag opgewek het. Hoekom kan dit nie weer gebeur nie?** Dit het wel plaasgevind tot en met die vroeë 70's maar dit het goedkoper geword om krag by ESKOM aan te koop. Hulle het ook wetgewing beïnvloed om sodanige kragopwekking te verhoed. **Verder, hoekom kan munisipaliteit nie krag by private verskaffers aankoop nie?** Tenders is reeds in plek vir die opwekking van krag deur private ondernemings op 9 terreine in die Mosselbaai gebied. Die kragopwekkingsmetodiek sal deur die voornemende verskaffer bepaal word. Die munisipaliteit sal egter nie vir hierdie opwekkingsfasiliteite betaal nie maar slegs moontlik die krag aankoop.

6.6 **Mnr Potgieter vra of sonpanele by die ontsoutingsaanleg nie gebruik kan word om krag aan die aanleg te verskaf.** Die sonpanele sal nie genoeg krag aan die aanleg kan voorsien nie.

6.7 **Willie Zwiegers en Theo Rossouw kla oor die onaanvaarbare toestande by 4 Hartbeesstraat 4, Reebok. Lyk soos 'n skrootwerf en die klanke van ysmaaktoerusting is buitengewoon steurend. Daar word reeds baie lank oor die toestande gekla sonder enige optrede deur munisipaliteit.** Die Voorsitter versoek die klaers om 'n skriftelike versoek aan hom te rig. Hy sal poog om die saakte beredder.

6.8 **Me Linda van Greuning vra of bouers nie veronderstel is om sandhope toe te maak om waaisand te voorkom nie.** Voorsitter versoek haar ook om haar klagte op skrif na hom te stuur. Hy sal dit met die bouinspektoraat opneem.

6.9 **Erf 271**

Die Voorsitter verwittig die vergadering dat uitsluitel nou verkry is rondom Erf 271. Die Munisipale Bestuurder voorsien verdere toeligting waarom die Provinsiale Minister besluit het dat die erf aan die Eden Distriksmunisipaliteit oorgedra gaan word. Redes wat aangevoer word is o.a. dat daar 'n pad oor die grond loop, 'n 11 Kva kragroete en 'n pyplyn wat gesuiwerde water vervoer. Die Minister is versoek om aan die munisipaliteit tyd toe te laat om sy besluit te bestudeer.

6.10 **Mnr Deon Potgieter noem dat daar in die verlede beswaar aangeteken was teen die beraamde koste van R15000 per huiseienaar vir die installering van 'n speelrioleringsnetwerk in sy omgewing. Op daardie stadium is die voorsiening gestaak weens besware ontvang van die publieke. Gerugte doen nou die rondte dat daar voortgegaan gaan word met die verskaffing van 'n munisipale speelrioleringsnetwerk maar nou teen 'n beraamde koste van R35000 per woning.** Voorsitter onderneem om op te volg en terugvoering te verskaf.

6.11 **Mnr De Wet noem dat daar kommer heers oor die impak van die hoë influx van mense in die gebied op die beskikbare waterbronne.** Hy vra of daar enige

beplanning gedoen vir die bykomende voorsiening van water. Die Munisipale Bestuurder noem dat daar drie waterbronne in ons omgewing bestaan naamlik oppervlakte water, wat uit damme van Waterwese aangekoop word, boorgate en dan die ontsoutingsaanleg. 'n Vergadering is met die Nasionale Departement van Waterwese gehou om die probleem rondom oppervlakte te bespreek. Enige addisionele damme is afhanklik van beskikbare fondse en tans is daar geen aanduiding van wanneer dit sal gebeur nie.

7.0 ALGEMEEN

Bankbesonderhede:	Begunstigde –	Midbrak Belastingbetalersvereniging
	Bank -	NEDBANK
	Tipe Rekening –	Spaarrekening
	Taknommer –	198765
	Rekeningnommer –	2506020276
	Verwysing –	Naam en Kontaknommer

8.0 VERKIESING VAN KOMMITEELEDE 2020

'n Voorstel word deur Mnr Jacques Radley voorgelê dat die bestaande kommitee vir nog 'n termyn herkies word. Dit word eenparig aanvaar.

Die verkose kommitee is dan;

Tergniet	Johan Muller en Johan Spies
Tergniethoogte	Mike Wray en George Nezar
Reebok (Suid van die spoorlyn)	Cecil Barry
Reebok (Noord van die spoorlyn)	Sollie Grobler
Reebokhoogte	Jacques Radley
Reebokrif	Buks Pieterse en Eric Marais
Fraaiuitsig	Frik Nel en Greg Mitchell
Riverside	Kobus Kotze
Reebok Village Estate	André Smit en Charl Coetzer
De Lange Uitbreiding	Ann Pretorius
Kleinbrakrivier	Pieter Le Roux

Daar bestaan tans (Desember 2019) 6 vakante poste.

Munisipale Raadslede wat die kommitee bystaan en vergaderings bywoon is;

Wyk 4:	Rdsl Annatjie Janse Van Rensburg
Wyk 5:	Rdsl Anton Dellelijn

9.0 AFSLUITING

Die Voorsitter sluit die vergadering af en wens almal en hul families 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2020 toe.

**GEORGE NEZAR
VOORSITTER**